## *Week 10: Dissipels volg die dissiplines*

***9 – 15 Junie***

1. Mens tot mens: Ons het aan die einde gekom van ons gesprek oor geestelike dissiplines en hoe ons onsself daagliks moet toewy aan die Here. Deel met mekaar van die hoogtepunte van die kwartaal se gesprekke. Is daar iets spesifieks wat julle sal onthou en wat gehelp het om jou verhouding met die Here te vorm? Deel sommer net in die algemeen wat die kwartaal se saamwees vir julle beteken het.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

2. Mens tot God. Dank die Here vir sy teenwoordigheid by julle groep en loof Hom vir sy sorg aan julle deur die kwartaal en dat Hy by julle was en met julle gepraat het.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   Lees **Ps 84:5 – 7** hardop as lof aan die Here:

   Dit gaan goed met mense vir wie u huis ’n tuiste is:
   hulle hou nie op om U te prys nie.
   Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind
   en graag na u tempel toe gaan.
   Vir hulle gaan daar fonteine oop
   wanneer hulle deur ’n dorre laagte trek
   en die vroeë reëns sy seëninge bring.

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

4. Lees Heb 12:1 – 3. Wat staan vir julle uit in hierdie gedeelte? Waarom is dit juis daardie deel wat julle aanspreek?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

5.1 Wat leer ons uit die beeld van ’n atleet wat met die wedloop moet volhou en nie moet opgee nie, vir ons eie geestelike lewe en volharding?

5.2 Hoe sluit die gedagte van geestelike dissiplines aan by die beeld van ’n atleet?

5.3 Blaai weer terug na die verskillende dissiplines. Deel met mekaar wat in julle lewens die afgelope kwartaal verander het en watter verskil dit aan julle verhouding met die Here gemaak het.

5.4 Is dit werklik nodig vir ons om op geestelike dissiplines te fokus? Red God ons nie uit genade nie? Trek ons nie nou ’n streep deur dit wat Hy doen deur te dink dat ons self ’n bydrae kan lewer nie? Wat is die verhouding tussen dit wat God doen en ons eie betrokkenheid by die dissipline om dissipels te wees?

6. Waarvoor sal ons bid?

6.1 vir die gemeente?

6.2 vir die wêreld/gemeenskap?

6.3 vir mekaar?

7. Wat gaan ons nou doen? Hoe kan ons mekaar help in die geestlike dissiplines?